Nagmaal?

4057

# GODS LIEFDE VIR DIE WÊRELD.

Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. - Joh. 3:I6.

Iemand het eendag gesê: Daar is geen moeiliker teks om oor te preek as Joh. 3:I6 nie en wel om twee redes: aan die een kant is dit so bekend dat dit vir baie mense sy waarde verloor het; aan die ander kant is dit so diep en ondeurgrondelik dat baie mense sy waarde nog nooit ontdek het nie.

En tog bly dit waar dat daar geen aangenamer en wonderliker woord in die hele Woord van God is as juis hierdie woorde: Want so lief.... Dis die kern en siel en lewe van die Evangelie. Die hele Christelike lewe in al sy omvang en diepte word saamgevat in hierdie woorde. Dis die hele boodskap van verlossing en vrymaking opgesom in een enkele sin. Juis daarom sal ons seker nooit die volle waarheid daarvan kan verstaan en deurgrond nie, maar dit mag ons nie weerhou om daaroor te praat nie. En veral in die tyd waarin ons lewe is dit 'n woord wat oor en oor gebring moet word, omdat dit 'n woord is wat kom direk uit die hart van God, en direk praat met die hart van die mens. So het die groot Engelse prediker Spurgeon eendag, toe hy die klank van 'n kerkgebou wou uittoets, hierdie woorde van Joh. 3:I6 laat weergalm deur die gebou. 'n Werksman wat daar besig was het so onder die indruk van die betekenis daarvan gekom dat hy daar en dan besluit het om sy lewe aan God te wy.

Om egter die volle betekenis daarvan enigsins te verstaan moet 'n mens dit sien in sy verband. Hierdie onvergeetlike en onsterflike woorde is deur Christus ge-uit teenoor 'n man wat gekom het om meer te leer van die doel van Christus se werk en die aard van die Koninkryk van God waarvan Christus reeds so baie gepraat het gedurende sy eerste verblyf in Jerusalem. Hierdie man, Nikodemus, 'n Fariseër en owerste van die Jode, het sekere gevestigde idees gehad omtrent die koninkryk van God, en die besondere rol wat die Joodse volk sou speel in die totstandbringing daarvan. Christus, baie goed bewus daarvan, lei hom egter van stap tot stap, taktvol, verstandig en doelbewus, totdat uiteindelik die lig vir die man opgaan oor die ware doel van die sending van Christus op aarde.

Die uitspraak van Christus wil veral drie dinge aan Nikodemus duidelik maak, drie gedagtes wat ten grondslag van die vers lê:

## I. DIE GODDELIKE LIEFDE HIER GEOPENBAAR:

Die vrae van Nikodemus en die antwoorde van Christus wys ons baie duidelik dat Nikodemus vervul was met die gedagte dat die koninkryk van God in wese sou wees 'n Joodse koninkryk, soortgelyk aan die van Dawid, wat gestig sou word deur die Messias, die Seun van God wat sou kom om die volk van sy vyande te verlos totdat die Joodse volk oor almal rondom sou heers. Christus se antwoord kom egter as 'n onaangename ontnugtering vir hierdie

Joodse geleerde, maar vervul hom ook met die grootste verwondering omdat hy nou vir die eerste maal hoor wat die doel van God is met die stuur van Sy Seun. Daarom sê Christus: „Want so lief het God die wêreld gehad". Daardie uitspraak is die openbaring van die hart van God n.l. dat die wese van God liefde is. En daarmee verbreek Christus vir eens en altyd al die ou idees wat die meeste Jode gahad het van God as 'n God van wraak, toorn, woede, vergelding; alles val weg voor die wonderlike nuwe en revolusionêre openbaring van Christus: God is liefde.

En daar is veral twee kenmerke wat daardie liefde dra wat Christus aan Nikodemus wil verduidelik:

(a) Die Onpeilbaarheid van daardie liefde: As Christus die woord SO oor sy lippe laat kom dan wil Hy daarmee aan Nikodemus iets te kenne gee van die ondeurgrondelike diepte van daardie liefde van God tot die sondige mens. Dis asof Christus aan Nikodemus wou sê: Hierdie woordjie is 'n woord sonder perke; ons word nie vertel hoeveel God liefgehad het nie. Hierdie woord SO staan vir sonder ophou: dis 'n liefde so diep en so groot dat dit geen einde het nie!

Hoe skerp staan die grootheid van hierdie liefde van God afgeteken in teenstelling met die liefde van die mens: hoe vlak en ondiep, hoe wispelturig en wankelend is ons liefde nie! Hoe gou loop die fonteintjie van ons liefde nie droog in tye van vyandskap en wrywing nie! Maar so is Gods liefde nie - so kan God nooit wees nie: sy liefde ken geen einde nie!

(b) Die Onmeetlikheid van daardie liefde: Maar Christus wil nie net aan Nikodemus die onpeilbare diepte van Gods liefde duidelik maak nie, Hy wil hom ook iets laat besef van die onmeetlike omvang daarvan: nie alleen hoe diep maar ook hoe breed daardie stroom van die liefde van God is. Daarom sê Christus: So lief het God die wêreld gehad". Daardie woord: die wêreld kom as 'n baie groot skok vir 'n godsdienstige Jood soos Nikodemus, wat opgevoed was in die tradisionele opvatting dat die Joodse volk die enigste volk was wat kon aanspraak maak op die liefde van God; dat hulle die spesiaal bevoorregtes van God was; dat hulle metxre reg kon eis dat Hy aan hulle sou gee wat Hy aan ander sou weerhou.

En nou kom Christus en met een woord breek Hy al Nikodemus se illusies; Hy sê van hom: Gods liefde ken geen grense; dit is nie gegee net vir een volk nie - dit g an uit tot die hele wêreld: tot wit en swart, totxarmxenxryk, Oose en Wes, arm en ryk, geleerd en ongeletterd, beskaafde en barbaar. Dis 'n liefde wat geen skeidslyne trek nie, wat nie die een bo die ander voortrek nie: dis 'n liefde wat uitgaan tot die hele mensdom!

By sy terugkeer na 'n wêreldwye sendingreis het 'n sendeling in sy mededelinge dit beklemtoon: Orals waar ek gegaan het, aan watter strand of in watter land ookal, was dit my eerste boodskap: Want so lief het God die wêreld gehad!"

Verstaan ons genoegsaam wat hierdie liefde beteken? Dat God nie sy liefde gee aan 'n paar besonder bevoorregte mense nie, dat Hy dit ook nie net gee aan 'n paar besonder uitgesoekte volkere nie, nie net aan die blanke rasse - of aan die gekleurde, maar aan die hele wêreld? Dus ook aan my?

Maar die onmeetlikheid van die liefde van God word nie net daarin bewys en betoon dat dit kom tot die hele wêreld nie, maar veral dat dit kom tot 'n sondige en verlore wêreld: 'n wêreld wat vasgevang was in sy eie sonde en homself nie kon red nie! Want dit was die wêreld van Christus se tyd: so vasgeloop in die doolhof van sy eie onreg en skuld dat hy nie meer kon uitkom nie, 'n wêreld wat die stem van God nie wou hoor nie. En tog, soos 'n moeder haar ontroue kind nog altyd liefhet al is dit met die liefde van 'n gebroke moederhart, so het God die wêreld liefgehad!

Is ons wêreld van vandag nie nie maar nes die wêreld van 1900 jaar gelede nie: vasgedraai in sy eie skuld en sonde, - koersloos en radeloos. Tot so 'n wêreld kom God met sy onpeilbare en onmeetlike liefde vandag nog. En ons wat in Hom glo - het ons iets van daardie liefde van die Heer vir die wêreld in al sy sondenood en -smart? Ons hoor so baie die klag van liefdeloosheid wat daar vandag onder Christene bestaan - en met skaamte moet ons die waarheid daarvan erken. Maar is een groot oorsaak daarvan nie dat ons nie 'n genoegsame besef het van hierdie wonderliefde van God wat Hy bewys - aan ons, aan my? Is dit 'n wonder dat die wêreld twyfel aan ons liefde vir mekaar, as daar so min in is van die liefde van God?

Maar Christus wil nog iets vir Nikodemus laat verstaan:

## II. DIE GODDELIKE GAWE HIER GESKENK:

Jesus gaan egter nog verder om vir Nikodemus 'n idee te gee van die liefde van God: dat dit homself openbaar het in 'n tasbare daad: Want so lief het God die wêreld gahad" sê Christus, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het". Dis die goddelike gawe wat God aan die wêreld gegee het: sy Seun. Goddelik was die geskenk omdat Gods Seun die grootse gawe aan die mens is. Hoewel ons hierdie wonderdaad van God nooit sal begryp nie, weet ons tog dat Jesus Christus die grootste gawe van God aan die mens is. Want nie alleen het God alles prysgegee toe Hy sy Seun na die wêreld gestuur het nie, maar ook Christus het die vreugde van die hemel verlaat en volkome mens geword, Hom vereenselwig met die sielelyding en sondenood van die mens - en dit alles net met die een doel: om die mens die weg van ware lewe bekend te maak deur hom los te maak van die mag en houvas van sonde. Van Mohamed is gesê dat hy die groot profeet is; Buddha word vereer as die wonderleermeester; maar daar is net een in die wêreld wat met reg genoem kan word die verlosser van die mens: Jesus Christus.

Ons sê dit ja, maar glo ons dit en leef ons asof ons dit glo? Ons bid dat Christus die wêreld moet verlos - en dit is nodig dat ons dit doen; maar het ekself al ondervind dat Christus my verlos, vrygemaak het van jaloesie, haat, oneerlikheid, kwaadpraat, onreinheid van lewe en gedagte? Of van blinde vooroordeel teenoor andersdenkendes? of van my eie paadjie te loop i.p.v. te soek wat Hy wil? So nie, dan het ek nog nie gebruik gemaak van daardie gawe nie en beteken Christus se menswording vir my feitlik niks.

Maar hierdie gawe van die Seun van God is ook die hoogste offer wat God kon bring. Nie alleen was Christus die enig-

gebore Seun van die Vader nie, maar Christus sê ook baie duidelik: God het sy eniggebore Seun gegee: afgegee, as offer geskenk. Watter wonderlike openbaring moes Nikodemus nie in hierdie woorde gesien het van die offer wat God moes bring om die mens te red! Hoe het die Heer nie reeds vantevore sy liefde aan die mens gegee nie: in die skepping, in die natuur, in die geskiedenis, in die profete wat sy boodskap moes bring! En nog wou die mens nie oortuig word nie! En nou kom Hy en gee die beste wat Hy het, sy Seun, om deur die wêreld verag en bespot te word, aan die kruis genael en die dood van 'n veragte bandiet te sterwe: sodat daardeur Gods liefde in al sy wonder en glorie aan die mens geopenbaar sou word. Is daar ooit 'n plek waar ons dieper onder die indruk kan kom van die oorweldigende, ~~self~~ allesofferende liefde van God as juis hier aan die kruis van Golgotha?

Maar het ons daardie liefde van Christus in ons? Daardie liefde wat seermaak hier binne as ander sondig? Daardie liefde wat mede-verantwoordelikheid wil aanvaar vir my buurman se sonde? Daardie liefde wat saam wil ly en saam wil dra – om so te red?

~~XXXXZ~~ Maar Christus voer sy uitspraak tot 'n toppunt as Hy aan Nikodemus verduidelik:

III. <u>DIE GODDELIKE DOEL HIER ONTVOU:</u>

Sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê". Dit is wat Christus aan Nikodemus kom sê – en aan elkeen van ons: God het die wêreld liefgehad; God het sy Seun as geskenk aan die mensdom gegee; God het dit gedoen met die een doel: om die mens te red van die mag van die Bose en hom in te lei in die volle lewe – die lewe wat die mens in homself nie kon vind nie. Want is dit nie wat God gesien het nie en geweet het: dat die mens ten spyte van al sy kennis, al sy kultuur en beskawing, al sy uitvindinge en organisasie verlore sal gaan – omdat hy God nie ken nie, omdat hy blind is om die lig van die ewigheid te sien, omdat hy temidde van al sy genietinge diep ongelukkig is, omdat hy geen rus en vrede vir sy siel in homself kan vind nie. En daarom stuur God sy Seun om die [illegible] van ware lewe bekend te maak: die volle ~~ryke~~ blywende vreugde en blydskap van die ewige lewe wat die mens reeds hier op die wêreld kan vind as hy lewe in verbinding met God.

Maar daardie redding is nie vaag en algemeen nie: dit kom tot elkeen. God sluit niemand uit nie: sy opsoekende liefde kom tot elke mens. Ons mag tevrede wees met liefde wat die tweedebeste is, maar God ken net een liefde om te gee: die allerbeste. En daar die liefde wil Hy gee aan elkeen: selfs aan die slegste! 'n Man wat God in sy lewe verwerp het, het op sy sterfbed gelê. In diep sielsbenoudheid oor die onbekende ewigheid wat hy moes ingaan, het hy sy seuntjie gevra om 'n teks te lees wat hy nog aan moedersknie geleer het: Joh. 3:16. Toe sy seuntjie, ~~die~~ lesende uit die Engelse Bybel, vassteek by die woord elkeen (Whosoever), smeek sy vader hom om dadelik uit te vind wat dit beteken. Op die antwoord van 'n verbyganger dat dit beteken : een en almal, was die vader se laaste woorde: Maar dan is dit mos ek!" Kan ons dit sê?

Maar daar is net een voorwaarde: ons moet glo, in kinderlike vertroue aanneem dat Christus dit ken gee en sal gee: daardie volle geluk en vreugde! Eenmaal het 'n skip by die noordkus van Suid-Amerika, naby die mond van die groot Amasoonrivier, watergebrek begin ly. Toe 'n ander skip die boodskap van die skip in nood opvang: Ons sterwe van dors!" was hulle oombliklike antwoord: Skep waar julle is!" Die water was heerlik vars - dit was die rivier se water wat so ver in die see ingestoot het.

Dis net wat Christus kom sê: Skep waar julle is - moenie die ware lewe daar ver buite julle gaan soek nie; die ware lewe is in julle - as julle net wil skep en drinkuit my: strome van lewende water sal uit my binneste vloei!

As die stroom van Gods liefde dan so oneindig groot is, so onuitputlik en so allesopofferend is,- as Hy dan sy beste aan my gegee het - wat gee ek aan Hom? Sal ek dan nie in ootmoed kom met die belydenisw wat ek voor die hele wêreld sal aflê: Ja here, u liefde het weerklank gevind in my hart! Want here, ten spyte van al my liefdeloosheid, al my vyandskap, al my ontrou is daar net een woord wat die ~~sit~~ sieledors van die wêreld en van my kan versadig, net een woord wat rus en vrede en geluk kan bring: So lief het God~~xdiexwêreldxgehad~~ my gahad, dat Hy sy enniggebore Seun gegee het, sodat ek nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan ~~hê~~ hê.

Nagmaal?